## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

24 Januarie 2013

Dagsê Almal

Prys die Here vir Sy goedheid en genade sing ons elke dag. Na die 8 uur lees deel ons sorge en vreugde met mekaar. Daar word met trane in die oë vertel hoe die Here selfs deur die kindertjies ons harte roer. Toe die dogterjie die aand bid verwag mamma wat deur 'n moeilike tyd gaan met pappa in die hospitaal dat sy Jesus gaan vra om hom gesond te maak. Maar sy vra toe vir Jesus om vir pappa en mamma te seën. Heeltemal 'n ander perspektief vanuit 'n kind se oogpunt. Ek hoef dit nie by te voeg nie maar almal se trane was sigbaar terwyl sy vertel en die diep geraaktheid is voelbaar om die tafel. Dit is kosbaar en ek het dit ook met my eie 10 jarige kleindogter ondervind toe sy een aand vir ons bid – nie 'n opsê gebedjie nie maar uit haar hart dat almal wat hongerly gevoed moet word en dankie vir mamma en pappa en ouma en oupa en my hart was vol dankbaarheid dat sy reeds op hierdie jong ouderdom so onbeskroomd met Jesus kan praat.

Hier gebeur soveel dat ek byna nie weet waar om te begin nie. Verskeie professionele aksies is besig om in plek te kom om armoede en swaarkry aan te spreek. Die Universiteit van Pretoria is besig om deur die Poli-kliniek wat in 1965 deur die studente gestig is om gemeenskapswerk te doen 'n groter aksie te loods om beter diens te lewer. Ons wat in die gemeenskap bly is onbeskryflik dankbaar vir hierdie inisiatief omdat die nood so groot is en besig is om te groei. Die professionele mense reik nou met mening uit na die minderbevoorregtes. Sal later meer inligting gee.

Die argitek wat aangestel is deur Martin was pas hier en die volgende word beplan. Ons moet eerstens hersoneer om die huis en perseel as 'n institusie te laat soneer maar dit gaan R30 000 kos. Daarsonder kan ons geen aanbouings of verbeteringe doen nie omdat ons die prorata gebou-op-perseel persentasie reeds byna bereik het. Hierdie koste t.o.v. die hersonering moet ons voorsien en ek vra hulp en ondersteuning hiermee asseblief. Ek vertrou dat die Here weereens vir ons daarin sal voorsien. Baie dankie by voorbaat.

Soos altyd vra ek maar die gewone vir ons daaglikse behoefte asseblief – ons huismense is tans 44 wat gevoed word. 10 – 15 vroue en mans is elke dag hier en werk vir hulle en hulle gesinne vir

kos, klere en ander lewensmiddele. Dus benodig ons koffie, suiker, boksmelk, makaroni, spaghetti, grondboontjiebotter, Bovril, stroop, konfyt, soja, blikkies vis, vleis, bakedbeans en enige groente, kookolie, margarien en sjampoe en dames spuitgoed vir die badkamer.

Baie dankie vir die reuse verfskenking wat ek in Desember al ontvang het van Baumer & Sons via Justin. Dit gaan in byna al ons behoeftes voorsien sodra die verbeteringe aangebring is.

Rustige naweek aan jul almal.

Eljada Huis groete

Annatjie